# Hoofstuk van die dag: Hebreërs 12

> *… laat ons die wedloop wat vir ons voorlê, met volharding hardloop, die oog gevestig op Jesus, die Begin en Voleinder van die geloof. (Heb 12:1-2)*

Die geloofslewe is soos ’n wedloop, sê die brief; ’n soort

marathon. Om suksesvol te wees, moet jy jou voorberei (elke las afgooi, vers 1), volhard, en fokus op Jesus (vers 2).
’n Mens se eie ingesteldheid het ’n baie groot invloed op jou prestasie. As jy vooraf besluit: Dis darem baie erg, dan ís dit baie erg. Ek kry die idee dat so baie van ons die stryd verloor lank voordat ons begin. Ons is só hard aan die sukkel met ons eie geestelike stryd en so besig, dikwels, om onsself te bejammer, dat ons baie naby aan moedverloor is. Pleks van opkyk – dan sal ons sien die wenpaal is net hier voor.
Ons is nie alleen op die baan nie. Die Here is ook op die baan – Hy het dit al voor ons gehardloop en Hy hardloop elke dag saam met ons om ons aan te spoor en te versterk, sodat ons die wedloop kan voltooi. Moenie rondkyk en moedeloos word nie. Kyk na Jesus! Dan sal jy nie geestelik moeg word en uitsak nie.



© Bybelkoerant 2018 – 2026